GeRAT
GENOOTSKAP VIR REGTE AFRIKAANSE TAALONDERWYSERS
'n Inisiatief van Solidariteit Helpende Hand www.gerat.co.za

# AFRIKAANS HUISTAAL

## GRAAD 8

## NASIENRIGLYNE

## VRAESTEL 1

### LEESBEGRIP, OPSOMMING, TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### NOVEMBER 2018

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 8 bladsye**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**Nasien van die leesbegrip**

- Spelfoute waar eenwoord-antwoorde vereis word, word by Huistaal gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae, WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING word slegs die rede/motivering/aanhaling bepunt.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek nie.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat ‘n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ‘n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ‘n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

**VRAAG 1: ARTIKEL**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.1 | “As hy jou pik, kan jy sterf.” | 1 | 1 |
| 1.2 | 1.2.1 Hy praat met die onderhoudvoerder/joernalis van Naweek-Beeld.<br>1.2.2 Die joernalis doen verslag oor die bergfietsren en gevolglik die gebeure. | 1<br>1 | 3<br>2 |
| 1.3 | Die slang was woedend/baie kwaad | 1 | 1 |
| 1.4 | Hy het dit vergelyk met ‘n TV-werklikheidsreeks (√) waarin die polisie na ‘n wilde jaagtog agter die skelms aan eers probeer vasstel (√) of hulle iemand raakgeskiet het. | 2 | 3 |
| 1.5 | Hy het besef hy kan nooit oor daardie (√) giftige slang ry nie, maar sy bene het (√) aanhou trap. | 2 | 3 |
| 1.6 | Daar word nie met ‘n swart mamba gespeel nie (√); hy gaan jou beslis pik. (√) | 2 | 3 |
| 1.7 | “tweede (√) skof (√) | 2 | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.8 | Dit impliseer dat Philip waarskynlik weens skok (√) 'n erge glipsie gehad het. (√) | 2 | 3 |
| 1.9 | Avontuur word gewoonlik met lekker uitdagende aksies geassosieer (√) – nie met swart mambas nie! (√) | 2 | 4 |
| 1.10 | Daar was nie tyd nie (√) – hy het so groot geskrik, hy wou net so ver moontlik weg van die slang kom. (√) | 2 | 3 |
| 1.11 | Dit is nie goeie Afrikaans nie. (√)<br>Adrenalien stormloop. (√) | 2 | 1 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **20** | |

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

**Nasien van die opsomming**

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van ‘n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (een punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1-3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4-5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6-7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:
  - 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1-5 direkte aanhalings: ken 1 punt toe

**LET WEL:**

- **Tel van woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die maksimum getal woorde oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die maksimum getal woorde nasien en die res van die opsomming ignoreer.
  - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

| | AANHALINGS UIT TEKS | | MOONTLIKE BEWOORDING |
|---|---|---|---|
| 1 | Loop in die Knysnabos – met lang slurphale suig hulle die korrelvoer soos ‘n stofsuier op. Hulle is vriendelike diere. | A | Sally en Shaka wei in die Knysnabos en gebruik hulle slurpe soos ‘n stofsuier om die korrelvoer op te suig. |
| 2 | ‘n Slurp is nie net ‘n lang neus nie. | B | Die slurp is meer as net ‘n lang neus. |
| 3 | Dit bestaan uit meer as 100 000 spiere. | C | Dit bevat meer as 100 000 spiere. |
| 4 | Aan die voorpunt het hulle twee “vingers” waarmee hulle klein saadjies kan optel. | D | Die slurp kan ook saadjies optel. |
| 5 | Die growwe plooivel het haartjies; die vel is ongeveer 2,5 sentimeter dik, maar die haartjies maak dit baie sensitief. | E | Die plooivel is grof en bedek met haartjies wat die 2,5 sentimeter dik vel baie sensitief maak. |
| 6 | Hulle skuur graag teen bome en eet vir 18 uur van die dag 200 kg tot 400 kg kos. | F | Hulle hou daarvan om teen bome te skuur en verorber ongeveer 200 kg tot 400 kg kos. |

**‘n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:**

Die Knysna-olifante is vriendelike diere wat graag gegroet word. Hulle slurpe stofsuier-suig die korrelvoer op. Die slurp is meer as net ‘n lang neus; dit bevat meer as 100 000 spiere en kan saadjies optel. Die plooivel is grof en bedek met haartjies wat die 2,5 sentimeter dik vel baie sensitief maak. Hulle hou daarvan om teen bome te skuur en verorber ongeveer tweehonderd tot vierhonderd kilogram kos per dag.

**Getal woorde: 70**

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES

### Nasien van hierdie afdeling

- Spelling
  - o Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - o Involsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - o Waar ‘n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksie moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | 3.1.1 ak-kom-mo-da-sie<br>G – G – O – O – O<br>3.1.2 Algemene assimilasie | <br>2<br>1 |
| 3.2 | h<u>ou</u>thutte | 1 |
| 3.3 | Hulle hys die masjinerie met ‘n hyskraan op die vragmotor.<br>*(Enige gepaste sin met hys)* | 2 |
| 3.4 | 3.4.1 kamp<br>3.4.2 tentdorp<br>*(Enige gepaste samestelling met tent-)* | 1<br>1 |
| 3.5 | Die man aktiveer die alarm.<br>*(Die werkwoord moet korrek in ‘n gepaste sin aangewend word.)* | 2 |
| | **TOTAAL** | **10** |

**VRAAG 4: STROKIE**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | Sy dink waarskynlik sy is beter as ander mense. | 1 |
| 4.2 | ongelukkig | 1 |
| 4.3 | verstandigheid | 1 |
| 4.4 | Om iemand links (√) en regs te beveel. (√) | 2 |
| 4.5 | Sjoe | 1 |
| 4.6 | Vonnie sê sy skoonma (√) dink gereeld dat sy die Engelse koningin is. (√) | 2 |
| 4.7 | Dit impliseer dat hulle nie (√) Engels magtig is nie (√)/dat hulle nie Engels begryp nie. | 2 |
| | **TOTAAL:** | **10** |

**VRAAG 5: ARTIKEL**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1 | dinosaurus | 1 |
| 5.2 | Die baba is nog piekfyn. | 1 |
| 5.3 | o.l.v. | 1 |
| 5.4 | Argentyne | 1 |
| 5.5 | meninkie | 1 |
| 5.6 | nuwer | 1 |
| 5.7 | vind | 1 |
| 5.8 | Dit beteken baie oud. | 1 |
| 5.9 | 5.9.1 Die jagters het vinnig oor die wêreld versprei./ Die jagters het verlede jaar oor die wêreld versprei.<br>*(Enige korrekte bywoordelike bepaling)* | 1 |
| | 5.9.2 Die jagters wat daar woon, het vinnig oor die wêreld versprei./ Die jagters met wie ek praat, het vinnig oor die wêreld versprei.<br>*(Enige korrekte byvoeglike bysin)* | 1 |
| | **TOTAAL:** | **10** |

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL: 60**